Erediens: **2de Sondag na Trinitatis**
Gelewer: **9 Junie 2024 in Kroondal**
Preekteks: **Efesiërs 2, 11-22**
Prediker: **Pastor Horst Müller**

Gesange
Lied - Psalm 36 (Liedboek 36) Só wil die goddelose wees...
Lied 547 Alle Volke, klap jul hande
Lied 481 Ontwaak, jy wat slaap
Lied 478 Op vaste fondamente

Efesiërs 2, 11-22

Liewe gemeente,
ten tye van die ontstaan van die brief aan die Efesiërs is die kerk al omtrent 50 jaar oud. Dit het versprei vanaf Jerusalem en Judea na groot gedeeltes van die destydse Romeinse ryk. Feitlik in elke groot stad van die ryk is daar al Christelike gemeentes - of dit nou Alexandrië in Noord Afrika, Damaskus in Asië, Rome, Athene of ´n stad soos Efese is. Selfs so vêr as in Ethiopië is daar gemeentes. Die oorgrote meerderheid van hulle bestaan hoofsaaklik, of selfs uitsluitlik uit Christene van ´n nie-Joodse afkoms. Die eerste sinode van die kerk het al omtrent 25 jaar tevore in Jerusalem plaasgevind. Destyds is daar hard gestry oor of die nuwe Christene die Joodse wette moes gehoorsaam of nie. Die besluit dat dié wette, en veral ook die besnydenis, nie vir die nuwe Christene bindend is nie, was ´n groot deurbraak. In die vroeë briewe van Paulus is daar nog heelwat debat daaroor.
Intussen is dit nie eintlik meer ´n tema nie - en die kerk is besig om sy nuwe identiteit te formuleer.
Hierdie teks is ´n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die kerk. Ons lees soos volg:
[11]Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is "onbesnedenes" genoem deur die wat hulleself "die besnedenes" noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam. [12]. In die tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, vêr van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld.
[13]. Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër vêr van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus.
[14]. Christus is ons vrede, Hy wat die twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy

liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het.
15. Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself die twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig. 16. Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en die twee met God versoen en tot een liggaam verenig. 17. Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir die wat naby was. 18. Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.
19. Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. 20. Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. 21. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, 22. in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.

Waar in die begin die dissipels onseker was of die evangelie ook vir nie-Jode geld (die verhaal van Petrus wat na Kornelius gestuur word - Handelinge 10), is dit nou nie meer ´n tema nie. Christus is die verlosser van die mensdom as geheel.
Die vraag wat sommiges nou gehad het, was: Hoe herken ´n mens dan die Christene? By die Jode was dit maklik - die Sabatreëls, rituele soos die besnyding, tye van vas het hulle laat uitstaan.
Hierdie teks maak dan duidelik: Die kenteken van die kerk is Jesus Christus. Hy is die middelpunt, en sy verlossing aan die kruis, sy bloed, is dit wat al die Christene verbind. Die nagmaal is die plek waar Christene wys dat hulle aan Jesus behoort, en dat hulle saam een kerk, een liggaam van Christus vorm.
Die beeld wat hier gebruik word is die van ´n muur - die skeidsmuur van die wet, wat voorheen die Jode ingesluit, en die nie-Jode uitgesluit het. As jy binne was, was jy deel van God se volk. As jy buite was, was jy uitgesluit - toegang verbode.
In Christus is hierdie muur afgebreek. Die "Reg van toegang voorbehou" is vervang met: "Kom na my toe, ALMAL wat vermoeid en oorlaai is".
Die eksklusiwiteit van die Joodse volk is vervang met "Maak dissipels van ALLE nasies!"
Anders as die Joodse geloof, wat deur die muur van die wet gekenmerk is, is die kenmerk van die kerk nie ´n muur nie, maar ´n middelpunt - die kruis van Christus. En die pad na die middelpunt is oop vir almal wat wil kom.
"Julle wat vêr van God was, het nou naby gekom deur die bloed van Christus" hoor ons hier.

Die geskiedenis wys dat die kerk sukkel om sonder mure en afskortings te lewe. Ongelukkig nie net mure na buite nie, maar ook mure na binne. Baie van ons het groot geword in gemeentes waar ons geleer het om versigtig te wees vir ander kerke en hulle dwaallerings. Nou praat ek nie van snaakse kerke nie. Lutherane is gewaarsku teen die Gereformeerde kerke en anders om, en alle Protestante was skrikkerig vir die "Roomse gevaar" - en anders om.
Die nagmaal - liggaam en bloed van Christus, wat volgens Efesiërs die skeiding en vyandskap afgebreek het, het die plek van skeiding geword - net die wat soos ons glo, mag kom. En bewaar jou siel as jy dit sou waag om in ´n ander kerk nagmaal toe te gaan.
Ek is dankbaar dat ons dit grootliks oorwin het. Sommiges dink dit is omdat ons afgewater is. Nee - dis omdat ons opnuut besef dat daar net één middelpunt van die kerk van Christus is - en dit is nie Luther of Calvyn nie, maar Jesus Christus. En daar is net één tafel van die Here, wat elke Sondag in honderd duisende kerke gevier word met net een gasheer: Jesus Christus.
Daar is nie ´n lutherse tafel met ´n Lutherse Jesus nie. Daar is wel Lutherane wat na die tafel toe kom, en Katolieke, Gereformeerdes, ens. Maar elke slag as ons hier nagmaal vier, word ons deel van die groot tafel van die Here oor alle grense heen.
Waar die vroeë kerk moes leer dat sowel Jode as nie-Jode volle deel van die liggaam van Christus is, moet ons leer dat almal en elkeen wat bely dat Jesus die Christus is, deel is van sy één liggaam, al is hulle in ´n ander kerkgenootskap.
Hiermee pleit ek nie vir een groot kerk sonder enige belydenisse nie. Ek pleit daarvoor dat ons ophou om mure op te rig tussen kerke, om mekaar sleg te sê en af te kraak. Ek pleit daarvoor dat ons in ander kerke ons broers en susters in Christus sal raaksien - en al is ons gewoontes en tradisies baie verskillend, dat ons weet: Ons is deel van die een liggaam van Christus.

Ons was die afgelope paar weke in Duitsland. Die kerk is besig om vinnig te krimp. Groot gedeeltes van die samelewing behoort nie meer aan ´n kerk nie. In sommige stede is dit tot 98% van die bevolking. Ek het myself afgevra hoe dit moontlik is dat plekke wat kerngebiede van die reformasie was, nou amper geen Christene meer oor het nie.
Die antwoord is grootliks in hierdie teks: Daar waar die middelpunt, Christus, met reëls en tradisies vervang is, verloor die kerk eers sy identiteit en dan sy lidmate. Daar waar die kerk en Christene oor God, maar nie meer oor Christus praat nie, kan kerk nie oorleef nie.

God die Vader het die Kruis van Christus in hierdie wêreld ingeplant. Christus is die deur na die Vader, Christus is die weg na die lewe. As ons nie meer oor hom praat en met hom praat nie, word ons maar net ´n godsdiens soos baie ander, met ´n God wat ver weg is, ´n vae begrip.

Maar deur Christus het God naby gekom, en daarom moet ons nie skaam wees om te bely dat ons nie net aan God behoort nie, maar aan Jesus Christus. Ons moet toelaat dat die Gees van God ons bymekaar bring, oor grense heen. Ons moet toelaat dat Jesus mure afbreek wat gelowiges van mekaar af weg hou, en veral ook mure wat ongelowiges op ´n afstand hou.

Christus nooi uit. Mag ons gemeente ´n plek wees waar mense Christus kan leer ken.

Mag ons opnuut opgewonde raak oor die kerk van Christus wat baie groter is as ons gemeente en denominasie.

Die Here is aan die werk - en ons is deel daarvan.

Amen

Horst Müller, hmuller@nelcsa.net